Vakature: Bemarkings- en kommunikasiebestuurder

Plek:	Kaapstad en/of Oudtshoorn
Posvlak:	Middelvlak
Salaris:	Markverwant, onderhandelbaar
Tipe:	Drie-jaar kontrak
Deadline:	3 Julie 2019

Oorsig

Kunste Onbeperk is ’n nie- winsgewende organisasie wat jaarliks onder meer die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK), Klein Karoo Klassique en Teksmark asook verskeie werkswinkels en programme as deel van die Klein Karoo Kunste Akademie aanbied.

Ons is op soek na ’n ervare bemarkingsbestuurder wat alle bemarkingsaktiwiteite vir *Kunste Onbeperk* se byeenkomste, feeste, produksies en ander projekte kan beplan, implementeer en bestuur. Die geskikte kandidaat moet uitgebreide bemarkingservaring hê en passievol wees oor die kunste. Ondervinding in die bemarking van teaterproduksies en feeste sal tot voordeel wees.

Ter versterking van strategiese leierskap in die implementering van Kunste Onbeperk se visie, moet die suksesvolle kandidaat aflewer op die volgende sleutelprestasie-areas:

Sleutelprestasie-areas:

- Ontwikkel en implementeer ’n geïntegreerde media- en bemarkingstrategie wat doeltreffend die korporatiewe identiteit ondersteun
- Ontwikkel en implementeer ’n spesifieke sosiale media strategie om deurlopende versterking van KKNK se blootstelling aan sosiale media platforms te verseker
- Neem beheer van die beplanning en implementering van bemarkingsveldtogte, -aktiwiteite en -projekte
- Verseker blootstelling en aktivering van veldtogte op verskeie gedrukte en digitale media
- Gee leiding aan en bestuur media en bemarkingsdiensverskaffers
- Onderhandel met mediavennote vir waarde en koste doeltreffende media-pakkette
- Bestuur en verseker die tydelike produsering van die programhandleiding
- Behartig die taalversorging van ontwikkelde kopie en dokumente

Kennis, ervaring en bevoegdhede:

- Graad 12, plus ’n toepaslike graad of diploma
- ’n Minimum van vyf jaar toepaslike werkservaring, spesifiek binne in projekbestuurs-omgewing sal ’n voordeel wees
- Ondervinding in die beplanning, bestuur en bemarking van teaterproduksies en feeste sal ’n voordeel wees.
- ’n Uitstekende begrip van digitale en sosiale media-platforms en vaardigheid in die doeltreffende benutting daarvan
- Uitstekende gebruik van Afrikaans en Engels (praat en skryf)
- Vermoë om die taalversorging van kopie en dokumente te behartig
- Kreatiewe denke
- Uitstekende organiserings- en beplanningsvaardighede
- Sterk verhoudingsbestuur vaardighede
- Moet verantwoordelik, betroubaar en geloofwaardig wees

Neem kennis dat Kunste Onbeperk se hoofkantoor in Oudtshoorn is. Suksesvolle kandidate kan werk vanwaar hulle tans woon, maar sal gereeld, veral gedurende fees- en projektydperke na Oudtshoorn moet reis en in Oudtshoorn vertoef.

Alle plasings is in ooreenstemming met ons BEE-vereistes.

Indien jy aan die minimum vereistes voldoen stuur jou Curriculum Vitae (CV) na Lizette Mostert by lizette@tsm.co.za. Ontvangs van alle aansoeke sal erken word.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 3 Julie 2019